# Redaksioneel

Die lede van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria gee op velerlei maniere uitvoering aan die opdrag van die Nederduitsch Hervormde Kerk om in die besonder die teologiese arbeid te bevorder en die Kerk van advies te bedien ter wille van die voortgang van die verkondiging van die evangelie. In die onderhawige redaksionele voorwoord gee die dekaan, prof BJ Engelbrecht, 'n oorsig van eerstens die personeelposisie van die Fakulteit, tweedens enkele aspekte van die dosente se onderrig- en navorsingsaktiwiteite en derdens die studenteposisie in die Fakulteit.

Lede van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap het gedurende Augustus twee vakkonferensies in die VSA bygewoon. Die verslag wat proff GMM Pelser en AG van Aarde vir die Universiteit en die Kuratorium vir Teologiese Opleiding hieroor opgestel het, word ook ter wille van wyer bekendstelling in die redaksionele voorwoord opgeneem.

As die derde deel van die redaksionele voorwoord word 'n kort erkenningswoord ter ere van Rudolf Bultmann en Karl Barth gepubliseer. Dié artikel word met enkele wysigings uit *Die Hervormer*, April 1986 oorgeneem. Rudolf Bultmann is op 30 Julie 1986 tien jaar gelede oorlede en op 10 Mei 1986 is Karl Barth honderd jaar gelede gebore. Kerk en teologie in die twintigste eeu is nie sonder hulle denkbaar nie. Bultmann, gebore 20 Augustus 1884, was in die Lutheraanse tradisie 'n teoloog van die Bybelse woord. Hy het dit beklemtoon dat die Bybel die woord van God is wanneer dit die verkondigde woord is en God is alleen God in Jesus Christus wat die konkrete historiese woord is. Op 'n briljante wyse bied hy met sy teologie 'n oplossing op die vraag hoe 'n mens in die twintigste eeu 'n Christen kan wees terwyl die mens weet dat die natuur 'n proses van oorsaak en gevolg is. Barth stel insgelyks as reformatoriese teoloog die soewereine genade van God voorop. Elders in hierdie Aflewering is 'n artikel van dr Johan Buitendag oor Barth se skeppingsleer opgeneem. Hoewel Buitendag, naas sy waardering vir Barth, ook hom skerp kritiseer, blyk duidelik in sy artikel wat Barth se teologiese grondgedagtes in die algemeen was: sy Christologie, sy beskouing oor die verbond, die skepping en die uitverkiesing, sy Godsleer en sy antropologie ensovoorts. In Jaargang 43, Aflewering 1 van die *Hervormde Teologiese Studies* sal daar weer volgens beplanning twee artikels oor Rudolf Bultmann gepubliseer word.

# Nuus uit die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria

Prof dr BJ Engelbrecht (Dekaan)

## 1. PERSONEELPOSISIE

Die personeelposisie in ons Teologiese Opleiding is so gunstig soos nog nooit tevore nie. Tans is daar tien permanent-voltydse professore en elf tydelik-deeltydse dosente. In die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek is prof BJ Engelbrecht die departementshoof en hy word, ook omdat die dekaanskap tans 'n redelik voltydse pos is, bygestaan deur drr JH Koekemoer, RM Naudé, DJ Smith en GC Velthuysen. 'n Belangrike en verblydende uitbreiding sal vanaf 1987 plaasvind wanneer dr Velthuysen die voltydse mede-professoraat aanvaar en dr JH Koekemoer ook 'n mede-professor in hierdie Departement sal word met die lesingopdrag Ensiklopedie van die Teologie en die direkteurskap van die nuut-gestigte Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting. Ampsdraers en lidmate wat in hierdie Sentrum, wat in noue verband met die Departement Praktiese Teologie sal fungeer, opleiding ontvang, sal nou universitêre erkenning vir geslaagde kursusse kry. Prof PJ van der Merwe is die hoof van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap en hy word bygestaan deur drr CJ viljoen en DJC van Wyk, albei in tydelik-deeltydse hoedanigheid. Dr van Wyk is ook sekretaris van die redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies*. Aan die stuur van die Departement Kerkgeskiedenis staan prof AD Pont en sý tydelik-deeltydse hulp is ds JJ Steenkamp. Die professor-hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap is prof GMM Pelser terwyl sy voltydse mede-professore prof JJ Engelbrecht met die opdrag Bybelkunde en prof AG van Aarde is. Behalwe sy doseeropdrag behartig prof Van Aarde ook die redakteurskap van die teologiese tydskrif, die *Hervormde Teologiese Studies*, waarin veral die fakulteitslede publiseer en wat vir subsidiedoeleindes deur die Departement Nasionale Opvoeding akkrediteer word. Ds PA Geyser tree hier as gas-dosent op, terwyl prof JP Oberholzer aan die hoof van die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap staan. Sy mede-professore is proff APB Breytenbach en PM Venter, welke laasgenoemde se leeropdrag Bybelkunde is. Verblydend is dat vanaf 1 Januarie 1987 die Departement Bybelkunde 'n selfstandige en dus sewende Departement in die Fakulteit Teologie

word. In prof Oberholzer se Departement gee die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof WC van Wyk, spesialiteitslesings in Bybelse Argeologie. Aan die hoof van die Departement Praktiese Teologie staan prof TFJ Dreyer. Hy word bygestaan deur dr MJ du P Beukes, terwyl prof SJ Prins van Unisa sekere spesialiteitslesings in hierdie Departement gee.

## 2. ENKELE ONDERRIG- EN NAVORSINGSAKTIWITEITE

- Die studente kan met so 'n span dosente eintlik niks anders as 'n teologiese vorming en toerusting van hoogstaande gehalte ontvang nie.
- Behalwe vir hulle doseerwerk, doen elkeen van bogenoemde dosente ook deeglike navorsing op hoë vlak. Dit blyk onder andere uit die relatief hoë aantal publikasies per persoon in erkende wetenskaplike tydskrifte van ons Kerk en van ander kerke en universiteite hier te lande. Daar verskyn selfs nou en dan ook artikels in wetenskaplike teologiese tydskrifte van die buiteland.
- 'n Ander parameter vir die meting en vasstelling van die dosente se navorsingsbedrywighede, is die groot aantal doktoraal-studente (tans 35) en veral hulle wat promoveer. Een van so 'n promovendus se eksaminatore is altyd van buite, dikwels top-vakkundiges uit Duitsland en dies meer. Feitlik altyd maak hulle melding van die hoë gehalte van ons promovendi se werk.
- Ons dosente kry gereeld ook uitnodigings na internasionale kongresse. So is prof Pont en ekself vir die Internasionale Calvyn-Kongres wat in 1986 in Budapest gehou is, uitgenooi. Ongelukkig kon ons dit nie bywoon nie, maar proff Pelser en Van Aarde kon in 1986 wel twee vakkongresse in die Nuwe-Testamentiese Wetenskap in die stede Washington, DC en Atlanta, Georgia (albei dus in die VSA) bywoon.
- Die dosente van ons Fakulteit behoort ook aan die landswye wetenskaplike vakwerkgemeenskappe en spreek hulle woord en lewer hulle bydraes soos ook uit die publikasies van hierdie werkgemeenskappe blyk.
- Die dosente lewer nie net gereeld deur die media (koerante, radio, televisie) vakkundige bydraes nie, maar dien veral op kerklike terrein ons Kerk en volk. Dikwels tree hulle voor Ringe op, preek hulle in gemeentes en spreek hulle vergaderings van ampsdraers en lidmate toe. Prof JP Oberholzer en die benoemde professor GC Velt-

huysen is onderskeidelik voorsitter en vise-skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering terwyl proff Pont en TJF Dreyer óók op dié Kommissie dien. Dr DJC van Wyk, tydelik-deeltydse dosent in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, is vise-voorsitter daarvan.

- Deur die aanvaarding van die nuwe bestuurstelsel deur die Universiteit van Pretoria stel elke Departement vir elke jaar 'n noukeurige gedefinieerde en gespesifiseerde jaarlikse werkprogram op met doelstellings, uitvoerige doelwitte en 'n gedetailleerde aksieprogram. Hierdie werkprogram word deurlopend deur die dekaan met departementshoofde bespreek en deur hom gemonitor. Ek beskou hierdie ontwikkeling as 'n groot wins, omdat die vroeëre lukraak werkwyse nou deur een van doelgerigte beplanning vervang word, terwyl die uitvoering daarvan goed gekontroleer word.
- Ook op universiteitsliggame doen ons fakulteitslede hul deel. Hulle sit byvoorbeeld op die Universiteit se Biblioteek- en Rekenaarskomitee, terwyl die dekaan alreeds vir jare lid van die Raad van die Universiteit en Senaatslid van die Universiteit van die Noorde is. Uiteraard sit hy op heelparty Raadskomitees.

## 3. STUDENTEPOSISIE

Tans is daar 21 studente in BD I, 20 in BD II en 20 in BD III. Onder hulle is van die knapstes wat ons nog ooit gehad het. Van hulle dien ook op die VSR en 'n hele paar dien die studentegemeenskap deur lidmaatskap van verskeie ander studentekomitees en -liggame. Van die huidige BD-studente is 8 dames, terwyl twee ander, ds Y Dreyer-Papp en prop E Dannhauser met hulle doktoraalstudie besig is.

Ten slotte: Ons is dankbaar teenoor die Heer van ons Kerk en van ons lewe dat Hy aan ons dié heerlike geleentheid uitleen om met die teologiese opleiding en ander kerkwerk besig te mag wees. Ons is veral dankbaar dat Hy gedurig ook begaafde, toegewyde en geroepe studente stuur om opgelei en gevorm te word om in sy diens te staan.

# Verslag van die 49ste algemene vergadering van die CBA en die 41ste algemene vergadering van die SNTS

**GMM Pelser en AG van Aarde**

Professore GMM Pelser en AG van Aarde wens soos volg verslag te doen oor die verrigtinge van en deelname aan die ondergenoemde konferensies:

## 1. DIE NEGE EN VEERTIGSTE ALGEMENE VERGADERING VAN DIE CATHOLIC BIBLICAL ASSOCIATION OF AMERICA, 6–9 AUGUSTUS 1986 TE GEORGETOWN UNIVERSITEIT, WASHINGTON, DC

Benewens 'n wye verskeidenheid onderwerpe wat in kort en lang referate onder die soeklig gekom het, is wat die Nuwe-Testamentiese veld betref, die volgende deurlopende seminare en taakgroepbesprekings aangebied:

**Deurlopende seminare:** Feministiese hermeneutiek; Die gebruik van die Skrif in teologie en etiek; Paulus en die wet in Galasiërs.

**Taakgroepe:** Lukas-Handelinge; Die literatuurteoretiese studie van Matteus; Christologiese aspekte in die brief aan die Hebreërs; Die sosiale wetenskappe en Nuwe Testament eksegese.

GMM Pelser en AG van Aarde het onderskeidelik ingeskakel by die taakgroepe oor die sosiale wetenskappe en oor Matteus.

### 1.1 Taakgroepe

#### 1.1.1 Die sosiale wetenskappe en Nuwe Testament eksegese

Hierdie taakgroep werk onder die leiding van prof BJ Melina (Creighton University) en die kerngroep bestaan uit DJ Harrington (Weston School of Theology), PW Hollenbach (Iowa State University), CR Kazmierski (University of Ottawa), H Moxnes (Oslo University), FJ Murphy (College of the Holy Cross), JH Neyrey (Weston School of

Theology), JJ Pilch (Medical School of Wisconsin), J Plevnik (Regis College, Toronto), JM Reese (St John's University, Jamaica), DM Rhoads (Carthage College), AJ Saldarini (Boston College), BB Scott (St Meinrad School of Theology) en FD Weinert (St John's University, Jamaica).

Dit is 'n onderwerp hierdie wat in die afgelope dekade of meer toenemende aandag ontvang het van verskeie leidende figure op die gebied van die Nuwe-Testamentiese wetenskap. Dit is egter interessant om daarop te let dat, hoewel daar reeds belangrike bydraes uit Europa gekom het, die meeste werk tot dusver in die Engelssprekende wêreld gedoen is, en dan veral in die VSA.

Soos dit reeds uit die betiteling van hierdie studie-terrein blyk, gaan dit hierin basies om die vraag na die verstaanshulp wat die sosiale wetenskappe vir eksegese en teologie kan bied. Dit gaan dus om die vraag in watter mate die resultate en insigte van die sosiale wetenskappe ons kan help om nie alleen die situasie of konteks van die teks beter te verstaan nie, maar ook die situasie waarin die teks tot spreke gebring word en hóé dit in die huidige situasie tot spreke gebring moet word. Onder sosiale wetenskappe word in hierdie verband dan veral verstaan vakgebiede soos sosiologie, antropologie en ekonomiese, staats- en politieke wetenskappe.

Dit is eenvoudig 'n feit dat daar in alle tekste in 'n mindere of meerdere mate iets na vore kom van die sosiaal-maatskaplike, ekonomiese, politieke ensovoorts situasie wat geheers het tydens die ontstaanstyd van die teks. Die probleem by die interpretasie van so 'n teks, en veral 'n teks uit die verre verlede, is dat 'n mens by gebrek aan voldoende kennis van die agtergronde van die teks die teks verkeerd of slegs gedeeltelik sal verstaan. Daar is ook steeds die gevaar dat by gebrek aan so 'n agtergrondskennis 'n mens moderne sosiale modelle op die teks kan oordra en sodoende die teks iets anders laat sê as wat die teks werklik wou sê.

Aangesien enige gemeenskap in mindere of meerdere mate saamgestel is uit verskillende strukture en sub-strukture, sisteme en sub-sisteme, samelewingsverbande, lewenspatrone, handelings- en waardemodelle en nog meer, is dit inderdaad nodig dat so 'n multifaset-gemeenskap vanuit verskillende hoeke bestudeer moet word om dit enigsins na behore te verstaan. Dit is daarom dat daar gekyk word na die bydraes wat die verskillende sosiale wetenskappe, elkeen op sy terrein, kan lewer om die samelewing(s) van die Nuwe-Testamentiese tyd beter te verstaan en so moontlik die teks beter te verstaan.

Die taakgroep se werksaamhede het gesentreer rondom die boek van

Lewellen, TC 1983, *Political anthropology: An introduction* (Massachusetts: Bergin & Garney Publishers). Hieruit het geblyk dat daar wat samelewingsverbande betref, polities onderskei kan word tussen verskillende strukture. Daar is die meer primitiewe, ongeorganiseerde samelewing met geen spesifieke hoof nie, genoem 'n sodaliteit. Daar is verder die samelewing waarvan 'n hoofman aan die hoof staan (*chiefdom*). En daar is die meer gesofistikeerde strukture, naamlik 'n staatsbestel. Toegepas op die tyd van die Nuwe Testament sou Herodes die grote waarskynlik met die tweede van bogenoemdes vergelykbaar wees en die Romeinse owerheid met laasgenoemde. Ons het verder die situasie dat 'n bepaalde sisteem of sisteme deur 'n grotere sisteem ingesluit word, soos byvoorbeeld die Joodse wat in die Nuwe-Testamentiese tyd deur die Romeinse ingesluit is.

Dit blyk ook dat in 'n sosiale sisteem dit hoofsaaklik kultuur, lewenspatrone en historiese situasie is wat 'n belangrike rol speel. In 'n politieke sisteem weer het ons te doen met die interrelasie en interaksie tussen groepsverbondenheid (familie, onderlinge verpligtinge ens), singewing (ideologie, godsdiens ens), aanpassings (ekonomie, materiële dinge ens) en organisasie (magsuitoefening). Daar moet ook onderskei word tussen politieke veld, die algemeen politiese, en politieke arena, waarin politieke kragte aan die werk is. In 'n gemeenskap bestaan daar verder normatiewe reëls waarvolgens bepaalde waardes nagestreef en gehandhaaf word en pragmatiese reëls waarvolgens 'n gemeenskap sy behoeftes probeer bevredig. So word ook onderskei tussen *moral teams* en *contract teams*. Eersgenoemde is ingestel op wat van gemeenskaplike belang vir die groep is, terwyl laasgenoemde op eie pragmatiese doeleindes ingestel is.

In elke gemeenskap kom die verskynsel van strukturele funksionalisme voor. Hierin is daar latente en manifesterende funksies aanwesig en dit word gekenmerk deur die bestaan van groepe, groepsbelange en konflikte. Die doel van hierdie funksionalisme is ekwilibrium. Sosiale konflik werk ekwilibrium in die hand. In die lig van hierdie strukturele funksionalisme moet daar dan ook by die bestudering van 'n gemeenskap gevra word na motiewe en nie na oorsake nie.

Wat die godsdienstige terrein betref, moet daarop gelet word dat godsdiens konserwatief èn progressief is. Wanneer 'n godsdiens meer progressief as konserwatief is, is dit afwykend. 'n Nuwe godsdiens is dus in werklikheid 'n afwykende godsdiens. Die progressiewe tendens verteenwoordig 'n wegbeweeg van konsepte en beskouings wat in 'n bepaalde tyd gegeld het, en die vervanging daarvan deur ander. In die

lig hiervan kan die ontstaan van die Christendom dus as 'n afwyking of koersverandering beskou word. Dit is derhalwe belangrik om te probeer uitmaak watter sosio-religieuse uitwerkings dit op bestaande eerste-eeuse gemeenskappe gehad het.

Soos reeds aangedui, is die oogmerk van hierdie studie om so na as moontlik die plek, aard en rol van die vroegste kerk in die wêreld van die Nuwe-Testamentiese tyd te probeer bepaal. Hiervoor word nie alleen as noodsaaklik geag die bestudering van die totale milieu waarin die kerk ontstaan en gegroei het nie, maar ook die vasstelling van hoe die kerk homself en sy rol gesien het soos uitgedruk in die geskrifte van die Nuwe Testament. Daar moet dus gevra word na al die relevante sisteme, motiewe en kragte waarmee die kerk te doen gekry het, hoe hy daarop gereageer het, hoe hy homself as 'n nuwe struktuur of gemeenskap gevorm het en hoe daar weer op hom gereageer is, ensovoorts. So kan daar in die tekste van die Nuwe Testament nuwe dimensies sigbaar word wat 'n beter of ander verstaan ten gevolg kan hê. Ons sal, om maar slegs een voorbeeld te noem, nie te oorhaastig moet 'teologiseer' wanneer ons probeer verstaan wat die eerste Petrusbrief bedoel deur van sy lesers as 'vreemdelinge' en 'bywoners' te praat nie. Ons sal dit nie uitsluitlik of glad nie mag sien as 'n verwysing na 'n aardse teenoor 'n hemelse bestaanswyse of heenkome nie, maar as 'n verwysing na die lesers se sosiaal-politieke situasie as gevolg van hulle Christenskap.

Dit is duidelik dat hierdie betreklik nuwe studierigting in die Nuwe-Testamentiese wetenskap sal voortgaan en in momentum gaan toeneem. Dit is verder duidelik dat dit bepaalde nuwe insigte sal oplewer en dat daar om hierdie rede van die resultate daarvan kennis geneem sal moet word. Soos met betrekking tot elke rigting sal ook hierdie een egter met die nodige kritiese ingesteldheid benader en hanteer moet word. Wat beslis na 'n probleem lyk, is dat dit altyd moeilik sal bly om met sekerheid bepaalde sosiale en ander agtergronde agter die tekste te rekonstrueer. Dat daar egter uit die tekste self en dikwels tussen die reëls baie af te lees is wanneer 'n mens daarvoor oplet, is seker. Die lig wat hierdeur op die tekste gewerp word, kan alleen bydra tot 'n beter verstaan. Daar sal egter ook krities daarteen gewaak moet word dat sosiologiese teorieë of modelle wat empiries op ander terreine of vanuit ander gemeenskappe ontwerp is, veralgemenend op die Nuwe-Testamentiese situasie(s) oorgedra word. Die Nuwe Testament sal dus steeds toegelaat moet word om vir homself te spreek met die inagneming van alle relevante gegewens of faktore, sosiaal en religieus.

### 1.1.2 Die literatuurteoretiese studie van Matteus

Hierdie taakgroep van die CBA hou hulle met 'n gevestigde projek oor 'n literêre studie van die Matteusevangelie besig. Die leiers van die seminaargroep is proff RA Edwards (Marquette University) en KA Barta (Seattle University). Die kerngroep het bestaan uit OC Brooks (Golden Gate Baptist Seminary), FW Burnett (Anderson College), R Doran (Amherst College), JD Kingsbury (Union Theological Seminary, Richmond), FJ Matera (St John's Seminary, Brighton) DP Senior (Catholic Theological Union) en RD Witherup (Theological College, Washington, DC).

Gedurende die seminaar het proff Donald Senior en Jack Kingsbury onderskeidelik as inleiers opgetree. Beide is internasionaal erkende leiers op die gebied van die Matteusnavorsing. Besondere kontak is veral met JD Kingsbury gemaak en daar is ooreengekom om deur middel van korrespondensie inligting in verband met die literêre studie van die Matteusevangelie uit te ruil. Die werkwyse gedurende die seminaar was dat lede van die genoemde kerngroep die inleiers se insette kon bevraagteken en daarna het die ander lede van die seminaar die bespreking verder gevoer. Senior het die debat geopen deur te praat oor die verhouding tussen redaksiekritiek en literêre kritiek. Kingsbury het gefokus op narratologie as 'n moderne literatuurteoretiese benadering.

#### 1.1.2.1 Verhouding redaksiekritiek-literêre kritiek

Senior het daarop gewys dat die aanvanklike doelstelling van die redaksie kritiek baie meer raakpunte met moderne literatuurteoretiese benaderinge het as wat erken word. Hy het 'n pleidooi teen 'n monistiese metodologie gelewer. Literêre kritiek bereik volgens hom dieselfde resultate as die redaksiekritiek, maar gebruik net ander terminologie. Literêre kritiek het dié voordeel dat dit die aard van die tekssoort ernstiger opneem. Wanneer 'n mens die tekssoort 'evangelie' egter in berekening bring, is die redaksie kritiek meer relevant omdat die evangelie, veral wat die lydensgeskiedenis betref, sterk aan tradisies gebonde is. Senior sien dus die redaksiekritiek as 'n volgende metodologiese stap ná 'n literêr-kritiese vraagstelling. Hy beskou die eksegese egter nie as 'n optelsom van metodes nie.

Dit is belangrik om te weet waarna die eksegeet vra. En dit is die teologieë van die evangeliste. Hierdie teologieë is retories van aard. Dit wil sê, dit wil oorredend wees. Daarom is die teologie van 'n evangelis

prinsipieel kontekstueel, want dit is 'n aangeleentheid wat 'n outeur èn 'n leser raak. Dramatiese tonele, soos genesings en aardbewings, het derhalwe meer impak op die leser as idees en formules.

Die bekende Matteusnavorser, prof WG Thompson en lid van die seminaargroep, het Senior gesteun. Hy het 'n teks met 'n diamant vergelyk. Dit het vele fasette. Redaksiekritiek en literêre kritiek kyk respektiewelik alleen vanuit die hoek van één faset. Kingsbury het gesê dat redaksiekritiek komposisiekritiek genoem kan word. Dit behels 'n totale ander vraagstelling as 'n literêr-kritiese. Die belangrikste verskil is dat die konsep 'tradisie' in die komposisiekritiek beklemtoon word, terwyl dit nie die geval by die literêre kritiek is nie. Literêre kritiek hef egter nie die vraag na 'tradisies' op nie.

### 1.1.2.2 Narratologie en die Matteusevangelie

Kingsbury het na aanleiding van sy mees resente boek, *Matthew as story* (Philadelphia: Fortress 1986), kortliks aandag gegee aan sy driedelige indeling van die verhaalstruktuur van die Matteusevangelie en daarna in meer besonderhede aan die karakterbeelding van die opponente in die verhaalstruktuur. Eergenoemde saak het ernstige kritiek gekry omdat Kingsbury se indeling die resultaat is van sy vroeëre redaksie-kritiese studie van die Matteusevangelie en daar tereg verwag kan word dat 'n analise van die verhaalstruktuur miskien ander resultate sal oplewer. Kingsbury het hom verantwoord deur gebruik te maak van die literatuurteoretiese begrippe 'implisiete outeur' en 'implisiete leser'. Laasgenoemde ontvang van eersgenoemde riglyne hoe om die verhaal en die intrige daarin te interpreteer. Kingsbury het betoog dat wendinge in die ontvouing van die verhaal sodanige riglyne is. Hy onderskei tussen ten minste primêre en sekondêre wendinge. Hy noem sulke wendinge 'theoretical devices' en beskou dit as deel van die diskoers. Volgens hom is die driedelige indeling die gevolg van die gebruik van 'n formule ('van toe af het Jesus begin ....') wat in Matteus 4: 17 en 16: 21 voorkom. Hierdie formule veroorsaak 'n primêre wending in die verhaalstruktuur. Dit sny die voorafgaande deel skerp af en dit laat 'n nuwe begin van Jesus se bediening 'n aanvang neem. Die ander bekende formule in die Matteusevangelie ('en toe Jesus ... geëindig het....') wat in Matteus 7: 28; 11: 1; 13: 53; 19: 1 en 26: 1 voorkom, bring 'n vyfdeling in die verhaalstruktuur mee. Hierdie formule het egter nie dieselfde krag as die vorige een nie en Kingsbury verwys daarna as sekondêre wendinge. Hy tipeer die kern van die intrige van

Matteus se verhaalstruktuur as 'conflict between Jesus and Israel: who is Jesus and what is Jesus about?'

Kingsbury het wat die opponente in die verhaalstruktuur betref, sy siening van die 'plot' van die Matteusevangelie verder geëksploiteer. Hy tipeer hulle as *flat characters*, omdat hulle net één karaktertrek het, en dit is boosheid en 'n affiliasie met Satan. Aangesien die 'plot' sentreer rondom die begrip 'konflik', is daar in die Matteus se karakterbeelding basies net twee alternatiewe, naamlik die 'goeie' en die 'slegte'. Kingsbury het in sy behandeling van die Joodse leiers as opponente op twee vrae ingegaan. Eerstens die vraag of die Joodse leiers in die Matteusevangelie werklik één homogene groep is en tweedens die vraag hoe die afwesigheid van die Joodse leiers, as die antagoniste van Jesus, in die lydensvertelling verklaar moet word. Op die eerste vraagstelling het hy probeer antwoord deur te sê dat die diversiteit 'n kwessie van fraseologiese uitdrukkinge is. Op die tweede vraagstelling het hy geantwoord dat 'n karaktergroep nie geïsoleerd van 'n ander gesien kan word nie. Die teenwoordigheid van byvoorbeeld die Joodse skare, heidene, dissipels, ensovoorts verklaar die motiewe van die afwesigheid van die Joodse leiers by die kruisiging en dit is deel van karakteristieke funksionele rolle in die ontvouing van die verhaalstruktuur.

Aspekte wat in die seminaarbespreking vorendag gekom het en nog deeglike aandag in die literêre studie van die Matteusevangelie behoort te kry, is: 'n analise van die toesprake van die Joodse leiers; die onderskeid tussen *showing* en *telling* en die feit dat die Joodse leiers altyd vanuit die perspektief van die verteller aangebied word; hoe moet Matteus 23:39 verklaar word? – is Matteus nie ook soos Paulus wat 'n deur oophou met die oog daarop dat daar 'n verandering van standpunt van die kant van die Joodse leiers kan kom nie? Die vraag is gevra of daar in die Matteusevangelie 'n onderskeid tussen 'office' en 'the performative content of die officebearer' aanwesig is. Hierop het Kingsbury in die lig van die diskoers oor die Joodse leiers in Matteus 23 geantwoord dat Matteus wel kritiek op die amp as sodanig uitspreek.

### 1.2 Referate

#### 1.2.1 (Presidentsrede) DJ Harrington (Cambridge, MA): *The Jewishness of Jesus: Facing some problems*

Harrington wys daarop dat een van die wyses waarop daar deesdae

gevra word na die historiese Jesus, is om Jesus as Jood van die eerste eeu te bestudeer.

As inleiding tot sy eie metodologiese vraagstelling met betrekking tot die toegang tot Jesus se Joodsheid, gee Harrington 'n oorsig van wat geleerdes, soos G Vermes, EP Sanders en H Falk, oor Jesus binne die konteks van die eerste eeu te sê het. Die vraag is met ander woorde: Watter soort Jood was Jesus? Vermes sê Jesus was een van die Galilese Hassidim, 'n heilige, 'n garismatiese figuur. Sanders, weer, meen Jesus was 'n eskatologiese profeet wat spesifieke idees oor die tempel gehad het. Jesus het naamlik vanuit 'n apokaliptiese perspektief 'n verwagting van 'n nuwe eskatologiese tempel gehad en het Homself as die simbool daarvan gesien. Harvey Falk plaas Jesus tussen Shammai en Hillel. Volgens Falk het Jesus nie van sy volgelinge verwag om enige aspek van hulle Joodse tradisie te verloën nie. Hy het hom wel by Hillel geskaar. So gesien het Jesus 'n nuwe godsdiens vir die Jode verkondig en die Shammaïtiese Fariseërs gekritiseer.

Harrington sluit sy inleiding af deur daarop te wys dat al drie karakteristieke wat onderskeidelik deur Vermes, Sanders en Falk uitgewys is, die Jode sover gebring het om met die Romeine saam te span en Jesus dood te maak. Uit die oorsig blyk dit egter dat daar geen konsensus bestaan met betrekking tot die antwoord op die vraag watter soort Jood Jesus was nie. Daarom het Harrington vervolgens aandag gegee aan die eerste-eeuse Judaïsme as sodanig.

Die ontdekking van die Dooie See-Rolle te Qumran in Palestina gedurende die jare na 1947 het meegebring dat die eerste-eeuse Jodedom nie meer eenvoudig gesien kan word as bestaande uit Sadduseërs, Fariseërs en Christene nie. Die probleem is egter dat hoe meer ons weet, hoe minder weet ons. Die Qumran-, apokriewe en pseudepigrafiese, Midrash- en Targumliteratuur het die diversiteit van die Palestynse Jodedom aan die lig gebring. 'n Sentrum kan nie simplisties aangewys word nie. Die Judaïsme van die tweede tempel-periode was deel van die Hellenistiese wêreld en die invloed van die Hellenisme op die Jodedom was baie sterk. Wat was Jesus se Joodse kontakte? Die volgende was moontlik: eskatologiese profeet, politieke revolusionêr, wonderdoener, Galilese garismatikus of Galilese rabbi. Die eerste metodologiese probleem omtrent Jesus se Joodsheid is dus volgens Harrington die meervoudigheid van die Judaïsme. Tog kan die konsepte 'eskatologiese profeet' en 'Galilese rabbi' ernstiger as die ander opgeneem word.

Die bronne oor Jesus is die tweede metodologiese probleem. Die

verwysings in Josefus blyk Christelike interpolasies te wees. Die evangelies, weer, se probleem is dat dit enersyds geskryf is vanuit en vir latere Christelik-gemeentelike situasies, en andersyds 'n komplekse wordingsgeskiedenis het. Die kriteria wat ontwerp is om terug te vra na die historiese Jesus is derhalwe ontoereikend. So byvoorbeeld laat die sogenaamde kriterium van *dissimilarity* Jesus totaal losmaak van sy Joodsheid deur Hom as bloot 'n nuwigheid te sien.

Die derde probleem wat Harrington aanraak, is die Jode en die Christene se twee verskillende teologiese waardebepalings van Jesus. Vir laasgenoemde is Jesus die redder van die wêreld ooreenkomstig 'n goddelike plan en word die Jode sterker as die Romeine verantwoordelik gehou vir sy verhoor en kruisiging. Vir die Jode is Jesus net nog 'n Joodse rabbi, dit wil sê 'n outoritatiewe interpreteerder van die wet wat ook nie gehuiwer het om dit te kritiseer nie. Christene en Jode kan tot op 'n punt saamstem, maar dan gaan die paaie uiteen.

Harrington het sy presidentsrede afgesluit met die opmerking dat die Jode sowel as die Christene die debat oor Jesus se Joodsheid behoort te verwelkom. Die erkenning van die verskil ten opsigte van invalshoek dien as aansporing om die studie voort te sit.

### 1.2.2 DR Bauer (Wilmore, KY): *Literary structure of the Gospel of Matthew*

Bauer het probeer aantoon dat Matteus 16: 21 ('Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word') die hooftemas bevat wat in die res van die Matteusevangelie uitgewerk is. So is die reis na Jerusalem uitgewerk in 'n geografiese raamwerk volgens 'n belofte-vervullingskema en na 'n hoogtepunt gevoer. Verder is Jesus se beklemtoning dat Hy **moet** ly, uitgewerk met behulp van 'n herhalende vergelyking tussen sy gehoorsame bereidwilligheid en die opdrag aan die dissipels om ook hulle kruis te dra. Die kontras tussen Jesus en sy dissipels word egter herhalend beklemtoon. Tog word hulle aan die einde van die evangelie bemoedig om hulle roeping te volvoer. Bauer is daarom van mening dat die Griekse woord *deiknúmi* (wat in Afrikaans vertaal is met 'duidelik stel') in Matteus 16: 21 nie 'instruksie' of 'onderrig' beteken nie, maar dat die inhoud daarvan betrekking het op die **noodsaak** van Jesus se kruis (en dié van die dissipels).

### 1.2.3 ES Malbon (Christiansburg, VA): *Parabolai and dunameis: Mark 4: 1–8: 21*

Die siening dat die middelste gedeelte van die Markusevangelie, 8: 22–10: 52 driedelig rondom **drie lydensaankondiginge** gestruktureer is, het algemene aanvaarding begin geniet. Malbon probeer aantoon dat die voorafgaande gedeelte, naamlik Markus 4: 1–8: 21, ook driedelig gestruktureer is. Hierdie keer is die materiaal rondom **drie see-insidente** gesentreer en val dit uiteen in 4: 1–34, 5: 6–44 en 6: 53–8: 13. In die eerste gedeelte vertel Jesus gelykenisse *(parabolai)* oor die koninkryk van God en verduidelik Hy dit aan sy volgelinge. In die tweede en derde gedeeltes word Jesus se wonderwerke *(dunameis)* vertel om daarop te fokus dat Jesus 'n lydende sowel as 'n magtige messias is en dat Hy 'n messias vir sowel die heidene as die Jode is. So gesien werp *parabolai* lig op *parabolai* en *dunameis* op *dunameis*, maar *parabolai* werp ook lig op *dunameis* en *dunameis* op *parabolai*.

### 1.2.4 JA Grassi (Santa Clara University): *The paradoxical centrality of consuming the Son of Man's flesh and blood in John's gospel and its significance*

Die tese van Grassi is dat die omarmende twee 'tekens' *(sēmeîa)* in die Johannesevangelie, naamlik die eerste 'teken' waar water in Kana wyn gemaak is (Joh 2: 1–12) en die gesuggereerde sewende 'teken' waar waterige bloed uit die sye van die gekruisigde Jesus loop (Joh 19: 25–37), kan bydra om die middelste 'teken' te verstaan waar Jesus brood vermeerder het en gesê het dat sy volgelinge sy liggaam moet eet en sy bloed moet drink (Joh 6: 1–71). Grassi sluit aan by M Girard se studie wat aantoon dat die so genoemde 'tekens' in die Johannesevangelie giasties gerangskik is: (1) die huweliksfees in Kana (2: 1–12); (2) die genesing van die sterwende seun van die koninklike beampte (4: 46–54); (3) die genesing van die sieke op die sabbatdag in Betesda (5: 1–16); (4) die vermeerdering van brood (6: 1–71); (5) die genesing van die blinde op die sabbatdag (9: 1–41); (6) die opwekking van Lasarus (11: 1–41) en (7) die 'uur van Jesus' en die kwessie oor bloed en water (19: 25–38). Grassi meen dat 'n literêre en 'n eksegetiese vergelyking van die eerste, die sewende en die middelste 'tekens' daarop dui dat die evangelis veral fokus op die vervulling van die 'teken van bloed' (Eks 12: 13) by die dood van Jesus. Jesus is die nuwe paaslam en die eet van sy liggaam en die drink van sy bloed is die bron van die lewe.

### 1.2.5 MM Waldstein (Cambridge, MA): *Foundations of Bultmann's work: Lutheran existentialism as a critique of the Enlightenment*

Waldstein onderstreep die briljante oplossing wat Rudolf Bultmann gebied het op die vraag hoe ons in die twintigste eeu Christene kan wees. Hoe kan 'n mens 'n Christen wees terwyl hy weet dat die natuur 'n proses van oorsaak en gevolg is? Hierdie vraag is 'n produk van die Verligting. Bultmann het die denke van die Verligting as 'n uitdaging gesien om met die geloof 'n antwoord op die genoemde vraag te gee. Waldstein meen dat Bultmann se teologie daarom 'n 'teologie van die natuur' genoem kan word, want hy doen geweld aan die 'wetenskap van die natuur'. In die oplossing van die probleem doen Bultmann volgens Waldstein op 'n drieërlei wyse ook geweld aan die Nuwe Testament. Eerstens misbruik Bultmann die historiese kritiek, en by name die *Formgeschichte*, vir 'n apologetiese doel. Hy wou naamlik geloof waarborg deur die vraag na die historiese Jesus te onderdruk. Tweedens sien Bultmann kritiese afwysing van die teks as 'n vorm van interpretasie. Hy het naamlik sy ontmitologiseringsprogram ingespan as 'n poging om met die teks van die Nuwe Testament te verskil. Derdens laat Bultmann God opgaan in die Bybelse woord. Hy het naamlik, in die lig van sy onderskeid tussen die Duitse terme *historisch* en *geschichtlich*, gesê dat die woord van God *geschichtlich* is wanneer dit die verkondigde woord is. So gesien, is God die uitdaging van die oomblik in 'n wêreld waar die natuur 'n proses van oorsaak en gevolg is. Om in die 'natuurlike wêreld' te leef, is om in sonde te leef. God is die hoe van ons bestaan. As 'konkrete historiese woord' is God alleen God in Jesus Christus. Daarom is Bultmann 'n eksponent van die Lutheraanse teologie van die *sola Scriptura*.

### 1.2.6 D Senior (Chicago, IL): *'With swords and clubs' – Mark's critique of abusive power*

Donald Senior reken die Markusevangelie is nie apokalipties van aard nie, maar eerder esoteries en evangelisties. Markus predik nie revolusie nie, maar wel 'n vorm van subtiele subversie. Hy skryf sy evangelie in die tyd onmiddellik na die Nero-vevolginge en sy verbinding van die Jesusstorie met hierdie omstandighede is dus belangrik. HC Kee se teorie dat die Markusevangelie op die Siriese platteland ontstaan het, moet daarom verwerp word. Senior reken dat M Hengel baie meer korrek is in sy tipering van die Markusevangelie se *Sitz im Leben*. Volgens Hengel kan hierdie *Sitz* met meer sekerheid bepaal word as in

die geval van die ander evangelies. Enersyds aanvaar hy die kerklike teorie dat Johannes Markus die outeur is en dat die evangelie in Rome geskryf is. Andersyds reken hy dat die ontstaanstyd daarvan post-Nero is, maar voor 70 n C.

### 1.2.7 FJ Matera (Brighton, MA): *The apologetic function of Paul's paraenesis in Galatians 5—6*

Die paranese van Galasiërs 5 en 6 is 'n verwaarloosde aspek van Paulusnavorsing. Geleerdes verskil oor die omvang van die paranetiese materiaal in Galasiërs (begin dit by 5: 1 of by 5: 13?) sowel as oor die doel daarvan (spreek Paulus werklike probleme in Galasië aan, byvoorbeeld 'n libertinistiese front, of hou hy hom besig met stereotipe paranese?). Matera stel 'n nuwe struktuur vir Galasiërs 5 en 6 voor. Die struktuur van hierdie hoofstukke suggereer dat dit hierin om meer gaan as 'n morele aansporing wat toegevoeg is tot die teologiese argumente van hoofstuk 3 en 4. In werklikheid wend Paulus in Galasiërs 5 en 6 paranese vir 'n dogmatiese en apologetiese doel aan, naamlik om die konkrete betekenis te illustreer van 'geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan' (5: 6) en van die heerskappy van hulle wat nuwe mense in Christus is (6: 15). Die paranese van Galasiërs 5 en 6 is Paulus se finale en beslissende argument dat besnydenis nie nodig is vir Christenskap nie. Christene kan 'n morele lewe lei sonder die wet. Galasiërs 5 en 6 moet derhalwe gesien word as 'n teologiese argument teen die agitators in Galasië eerder as 'n gewone morele aansporing gekoppel aan die teologiese argumente van Galasiërs 3 en 4.

## 2. DIE EEN EN VEERTIGSTE ALGEMENE VERGADERING VAN DIE STUDIORUM NOVI TESTAMENTI SOCIETAS, 11—15 AUGUSTUS 1986 TE EMORY UNIVERSITEIT, ATLANTA, GEORGIA

Benewens 'n wye verskeidenheid onderwerpe wat in kort en lang referate aan die orde gekom het, het die volgende seminaargroepe in gereelde sessies byeengekom: Die pseudepigrafiese geskrifte en die Nuwe Testament; Die sosiale agtergrond van die vroeë Christendom; Philo van Aleksandrië en die begin van die Christendom; die evangelie volgens Markus; die Johannese geskrifte; Paulus en Jesus; Paulus en Israel; die Apokalips; Inhoude en probleme van 'n Nuwe Testament

teologie; Die rol van die leser in die interpretasie van die Nuwe Testament; Tekskritiek.

GMM Pelser en AG van Aarde het meegewerk aan die seminaar oor die rol van die leser.

## 2.1 Seminare

### 2.1.1 Die rol van die leser in die interpretasie van die Nuwe Testament

Die Sekretariaat van die SNTS het op aanbeveling van die voorsitter van bogenoemde seminaargroep, prof BC Lategan, 'n uitnodiging gerig aan proff GMM Pelser en AG van Aarde om deel te neem aan die internasionale navorsingsprojek wat die resepsie van die Nuwe Testament bestudeer. Dit het dit vir die Departement moontlik gemaak om die navorsing wat plaaslik in hierdie verband gedoen word, aan die internasionale projek te koppel. Die agtergrond van die navorsing is dat die hermeneutiese vraagstelling in die Bybelwetenskap, op grond van onder andere 'n algemene sosiologiese problematiek, na die pragmatiek van tekste verskuif het. Die sosiologiese problematiek het meegebring dat individue en gemeenskappe die Bybel op uiteenlopende maniere interpreteer en in die samelewing toepas. Hierdie verskynsel vra van die Bybelwetenskaplike kontrolerende kriteria om die geldigheid van 'n bepaalde persepsie en resepsie te evalueer. In die ondersoek na die beperkthede wat tekste en tekstipes en hulle outeurs op die resepsie van lesers plaas, word daar feitlik algemeen vanuit die volgende skema uitgegaan:

| reële outeur | implisiete outeur | implisiete leser | reële leser |
|---|---|---|---|

Hierdie skema toon duidelik aan dat die skrywer van vlees en bloed sowel as die leser van vlees en bloed buite die literêre kommunikasie-akt staan. In die verlede was die fokus in die Nuwe-Testamentiese wetenskap meesal op die studie van die veronderstelde historiese lesers en skrywer geplaas. Moderne ontwikkelinge op die gebied van veral die literatuurteorie het die aandag ook gevestig op die tekstuele resepsie en die rol wat die leser in die betekenistoekenning van 'n

(polivalente) teks speel. Dit is in hierdie opsig dat onder andere die konsepte 'implisiete outeur' en 'implisiete leser' in die skema hierbo baie bruikbaar is.

Volgens die voorsitter van die seminaargroep, prof BC Lategan, voorsien die spesifieke seminaar 'n forum waar die resultate van historiese navorsing en die insigte van resepsieteorieë met mekaar in verband gebring kan word. Die doelstelling is om 'n balans tussen teorie en praktyk te vind en om teoretiese konsepte te evalueer deur dit op bepaalde Nuwe-Testamentiese tekste toe te pas. As resepsie ook met die sosiale konteks van die 'reële outeur' en die 'reële leser' te doen het, kan die spesifieke navorsing volgens Lategan nuwe perspektiewe open op historiese aspekte van Nuwe-Testamentiese tekste. Dit kan in die besonder lig werp op die 'sosiologiese' interrelasies tussen teks en konteks.

Die navorsing is beplan om oor 'n periode van vyf jaar te strek. In 1985 is algemene insigte van resepsieteorieë ondersoek. In 1986 is die verhouding bestudeer tussen strukturele aspekte van die teks en tekstuele resepsie as 'n teksgeoriënteerde saak. In 1987 in Göttingen, Wes-Duitsland sal die impak van die historiese en sosiale konteks op die resepsiegebeurtenis bestudeer word. In 1988 sal daar in Cambridge, Engeland ondersoek ingestel word na 'n moontlike metodologiese raamwerk wat vir die strukturele sowel as die historiese aspekte van 'n teks voorsiening kan maak. Die navorsingsprojek word in 1989 afgesluit deur 'n konkluderende evaluasie te doen.

Die seminaargroep het in 1986 uit 24 lede bestaan, naamlik: prof Bernard Lategan (leier; Stellenbosch, RSA); prof Edgar V McKnight (mede-leier; Greenville, SC, VSA); prof Schuyler Brown (Toronto, Kanada); prof Marcel Dumais (Ottawa, Kanada); prof Isak du Plessis (Unisa, RSA); prof Robert Fowler (Berea, OH, VSA); prof Olivette Genest (Montreal, Kanada); dr David Hellholm (Bergen, Noorweë); dr James Hester (Redlands, CA, VSA); prof Robert Jewett (Evanston, IL, VSA); dr James Martin (Vancouver, Kanada); dr Stephen Moore (Dublin, Ierland); prof Daniel Patte (Nashville, TN, VSA); prof Gert Pelser (UP, RSA); prof Wolfgang Schenk (Eppstein, Wes-Duitsland); dr Robert Spivey (Lynchburg, VA, VSA); prof Georg Strecker (Göttingen, Wes-Duitsland); prof Joseph Tyson (Dallas, TX, VSA); prof Andries van Aarde (UP, RSA); dr Bas van Iersel (Landstichting, Nederland); dr Sjef van Tilborg (Arnhem, Nederland); dr James Voelz (Fort Wayne, IN, VSA); prof Willem Vorster (Unisa, RSA) en dr Wilhelm Wuellner (Berkeley, CA, VSA).

Vorster, Fowler, Van Iersel en Wuellner het die verskillende aspekte van die onderwerp ingelei. Sake wat besondere aandag gekry het, was die konsep 'implisiete leser'; die onderskeid tussen die verskillende vlakke in die teks deur erns te maak met die onderskeid tussen *story* en *discourse*; eksplisiete en implisiete vertellerskommentaar; die oopheid en beperkthede van 'n teks; die konsepte *direction* (dit wil sê norme 'eksplisiet' van die kant van die implisiete outeur) en *indirection* (dit wil sê norme 'implisiet' van die kant van die implisiete leser); die funksionaliteit van gemeenskaplike kulturele kodes van onderskeidelik die implisiete outeur en die implisiete leser; intertekstualiteit, transtekstualiteit en hipertekstualiteit; refleksiewe referensialiteit; signale riglyne in die teks met die oog op interpretasie; teoretiese implikasies vir die resepsie van respektiewelik vertelmateriaal en nie-vertelmateriaal; die onderskeid tussen die so genoemde 'ingeligte leser' en die algemene interpreterende gemeenskap; die verskil in mondelinge, geskrewe, ouditiewe en visuele kommunikasie.

Pelser en Van Aarde is genooi om in 'n omsendskrywe aan die seminaargroeplede met die oog op die bespreking gedurende 1987 in Göttingen, Wes-Duitsland op bepaalde debatsaspekte te fokus. 'n Konsepomsendskrywe is opgestel en gedurende die naweek 17—18 Oktober aan die Hermeneutiek-subgroeplede van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika voorgelê. Hierin is veral aandag gegee aan die feit dat enige verbale kommunikasie uit 'n taalhandeling en 'n perseptuele dimensie bestaan. Dit kom daarop neer dat tekste (artistiek of triviaal; antiek of modern) op een of ander manier die produkte is van werklike skrywers van vlees en bloed en bedoel is om gelees en/of gehoor te word deur werklike lesers/hoorders van vlees en bloed. 'n Literêre kommunikasie-akte veronderstel verder 'n 'ideologie' wat gekommunikeer word en wat alleen in 'n bepaalde 'sosiale konteks' betekenisvol is. In die konsepstuk word dus gemaan teen 'n *encoded reader fallacy* en word 'n literatuurteoretiese weg bespreek waarop daar erns met die prinsiepes 'intertekstualiteit', 'transtekstualiteit' en 'hipertekstualiteit' gemaak kan word. Op hierdie wyse kan die interrelasie tussen die tekstuele 'ideologiese' perspektief en die 'sosiologiese' konteks van skrywer en leser literatuurteoreties verantwoord en prakties op Nuwe-Testamentiese tekste toegepas word.

## 2.2 Referate

Van die getal kort en lang referate wat tydens die kongres gelewer is,

word hieronder opsommenderwys slegs die aan die orde gestel wat vir die doeleindes van hierdie verslag as van belang beskou word.

### 2.2.1 (Presidentsrede) RE Brown (New York): *The Gospel of Peter and canonical priority*

Dit gebeur in toenemende mate dat verskeie vooraanstaande Nuwe Testamentici die mening toegedaan is dat van die aan-ons-bekende apokriewe geskrifte of evangelies gesien moet word as voorstadiums van die materiaal wat ons in die kanonieke evangelies aantref. Dit sou beteken dat die skrywers van die kanonieke evangelies nie alleen van hierdie apokriewe materiaal gebruik gemaak het nie, maar dit ook geredigeer het vir die doeleindes van hulle eie produkte. Wat die logia-materiaal betref, is dit veral Q, die evangelie van Tomas en Papirus Egerton 2 wat ter sprake gebring word, en wat die lydensvertelling betref, die evangelie van Petrus. Dit is op laasgenoemde dat die referaat gekonsentreer het na aanleiding van die bydrae in hierdie verband deur Crossan, JD 1985, *Four other gospels* (Minneapolis: Winston). Na oorweging van die moontlikhede kom die referent tot die slotsom dat ten spyte van die waarde van Crossan se rekonstruktiewe arbeid, die prioriteit van die kanonieke evangelies in vergelyking met die Petrus-evangelie, nog steeds bo verdenking staan.

### 2.2.2 S Brown (Toronto): *Reader response: Demythologizing the text*

Daar is drie wyses van lees van 'n (Bybelse) teks, naamlik die historiese, leerstellige *(doctrinal)* en literêre. By die historiese lees van byvoorbeeld 'n evangelie word daar deur die teks heen teruggelees na die wêreld 'agter' die teks, dit wil sê na die outeur, na die gelowige gemeenskap en na Jesus toe. By die leerstellige lees word die teks gelees deur die bril van die leerstelling of dogma wat funksioneer as die wêreld 'in die pad van' die teks, dit wil sê staande tussen teks en leser. By die literêre lees word daarvan uitgegaan dat die teks 'n struktuur vir sy eie onthalwe het, en waarvan die resultaat is dat 'n wêreld 'voor die teks' tot stand kom. In elke leeservaring kan een of twee van hierdie wyses van lees, of al drie in werking tree. Die prioriteit van historiese lees moet egter bevraagteken word. Die projeksies van die leser kan nie buite rekening gelaat word of geëlimineer word nie. 'n Suiwer reseptiewe lees is nie moontlik nie. Teenoor die leerstellige wyse van lees moet gestel word dat 'n oop of altruïstiese lees van die Bybel nie wille-

keur beteken nie. Dit kan juis nuwe betekenisse na vore bring, 'n nuwe wêreld voor die teks skep.

### 2.2.3 G Lüdemann (Göttingen): *Die Anfänge simonianischer Gnosis und die Apostelgeschichte*

In sy eerste apologie (155 n C) skryf Justinus oor 'n sekere Simon Magus aan wie hy alle dwaalleer toeskryf. Hiervan kan ons aflei dat die *terminus ad quem* van die Simoniaanse gnosis die helfte van die tweede eeu is. Die vraag is egter waar die *terminis a quo* geleë is. Hoewel daar moeilik vasgestel kan word wat die presiese aard van Simon se leer was, is dit duidelik dat sy volgelinge nie as 'n geringe groep beskou kan word nie. Hierdie groep of leer kon klaarblyklik nie sy ontstaan kort voor die helfte van die tweede eeu gehad het nie. Aangesien Handelinge 8:22 genoeg blyke gee dat die outeur iets geweet het van die Simoniaanse leer, kan ons met reg veronderstel dat die inhoude van hierdie leer wat vir die tweede helfte van die tweede eeu te bespeur is, teruggedateer kan word na die tyd van die skrywe van Handelinge. Die *terminus a quo* van hierdie leer sal dus minstens kan saamval met die tyd van die skrywe van Handelinge.

### 2.2.4 JP Martin (Vancouver): *Toward a post-critical paradigm*

Die twintigste-eeuse ontwikkeling verteenwoordig in die ken-akt 'n verandering vanaf die kritiese na die post-kritiese of post-liberale paradigma. Dit verteenwoordig 'n holistiese teenoor 'n meganiese benadering tot 'n saak. Hoe meer kompleks 'n saak begin raak, hoe meer word patroon sigbaar. In die lig hiervan is dit volkome te begrype dat daar narratiewe paradigmas na vore gekom het vir die lees van verteltekste. Die kritiese paradigma wat ook bekend staan as die meganiese paradigma, opereer deur 'n werk in dele op te breek, kousale en genetiese oorspronge daarvan te probeer vasstel en die geskiedenis van die vorming van die werk te probeer nagaan. Dit is dus reduksionisties van aard. Die holistiese paradigma daarenteen, kyk vanselfsprekend na die geheel in stede van die dele. Hierdie paradigma het oor die hele spektrum van die wetenskap na vore getree, dus ook by die natuurwetenskappe. Daar kan nie twyfel bestaan oor die positiewe betekenis van hierdie paradigmaverandering nie. Die resultate wat dit oplewer, spreek vir hulleself.

### 2.2.5 H Räisänen (Vantaa, Finland): *Paul's conversion and the development of his view of the law*

Wat het aanleiding gegee tot Paulus se beskouing oor die wet? Was dit sy bekeringservaring? Baie glo dat dit wel die geval was en dat Paulus as 't ware tot Paulinisme bekeer is. Paulus is dikwels moeilik te verstaan en veral wat betref sy beskouings oor die wet. Kan dit met 'n dialektiek opgelos word? Selfs dit lyk nie na 'n uitweg nie. Dit lyk eerder of daar 'n geleidelike ontwikkeling by hom plaasgevind het. Dit het waarskynlik begin plaasvind na sy ontmoeting met Helleniste in Antiogië. Hierdie ontwikkeling moes geskied het in die 'tonnel'-periode vóór die ontstaan van die briewe wat ons van hom het, hoewel daar in beide Romeine en Galasiërs nog 'n worsteling te bespeur is. Volgens sy uitsprake in Filippense 3 kan 'n mens alleen 'n apostel van die nie-Jode word as jy nie meer die besnydenis en ander rituele voorskrifte praktiseer nie. Maar hoe moet ons Filippense 3: 6, 9 verstaan? Is die implikasie daarvan dat *dikaiosúnē ek nómou* tog as alternatief vir *dikaiosúnē ek písteōs* verstaan kon word? Dit wil tog lyk of Paulus beide die menslike poging en die genade beklemtoon, dus geloof èn genade. Die vloekterminologie van Galasiërs 3: 13 kom nie weer by Paulus voor nie en dit lyk ook nie of hierdie konsep gelei het tot sy wetsbeskouing nie. Ook is dit nie af te lei uit die feit dat hy die fout by die wet as sodanig gesien het nie. Sy uitsprake oor die wet bevat positiewe èn negatiewe elemente. Die negatiewe ervarings wat hy van die wet gehad het, het telkens in konfliksituasies na vore getree.

## 3. SLOTOPMERKINGS EN DANKBETUIGING

Die opstellers van hierdie verslag vetrou dat hulle hiermee aan hulle opdrag voldoen het. Ons kan die versekering gee dat die bywoning van en deelname aan bogenoemde konferensies vir ons 'n leersame en verrykende ervaring was. Die resultate en insigte wat hieruit gespruit het, is reeds in die Fakulteit en in die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika deurgegee. Ons voortgesette deelname aan die SNTS-projek sal dit ook moontlik maak om hierdie internasionale kontakte verder uit te bou. Soos reeds vermeld sal die Departement tydens die seminaarreses by wyse van 'n omsendskrywe direkte insette lewer met die oog op die byeenkoms in Augustus 1987 te Göttingen, Wes-Duitsland. Die Departement sal derhalwe poog om die nodige fondse te vind met die oog op die voortgesette medewerking aan hierdie internasionale projek.

Hartlike dank word aan die volgende persone en instansies betuig vir die finansiële ondersteuning wat ons vir hierdie doel sover ontvang het: Die Universiteit van Pretoria en in die besonder die vise-rektor (Akademies/Geesteswetenskappe), prof P Smit en die dekaan Fakulteit Teologie (Afdeling A), prof BJ Engelbrecht asook die Raad van Finansies en Kuratorium vir Teologiese Opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk, in die besonder mnr L de Munnik (Administrateur) en dr DJC van Wyk (vorige voorsitter van die Kuratorium).

# Rudolf Bultmann en Karl Barth in herinnering

AG van Aarde

Karl Barth word die kerkvader van die twintigste eeu genoem. In Bultmann, het Barth self gesê, het ons nie net 'n man met konsistente en onkreukbare wetenskaplike erns nie, maar die mees toonaangewende Nuwe-Testamentikus van ons eeu. Is hulle insigte vandag nog geldig? Die feit dat heelwat daarvan agtergehaal geraak het, kan nie dien as die maatstaf waarmee hulle enorme bydraes beoordeel moet word nie. Geen standaardwerk in onderskeidelik die Nuwe-Testamentiese wetenskap of die Dogmatiek kan Bultmann of Barth systap nie. Die herinnering aan hulle werk en uitwerking het baie dimensies. Hoewel beide se belangrikste bydraes gedateerd is, bevat dit die visies waarmee hulle studente en kritici die teologiese gesprek vandag beheers.

## SAAM MET DIE KERK

Dit was veral Bultmann, maar ook Barth, wat dikwels skerp kritiek ontvang het. Daar is selfs van Bultmann gesê dat hy nie soos en saam met die kerk was nie. Barth self het gemeen dat sy boesemvriend, Bultmann, se teologie skadelike momente het. Inderdaad was Bultmann se insigte vir kerk en teologie nuwe klanke. Dit het immers bygedra dat die negentiende-eeuse liberale teologie beëindig is. Dit was veral die eksistensialisme en individualisme in sy teologiese denke wat vir die kerk vreemd was. Maar dit was kerklike teologie. Hy was lewenslank teoloog in en vir die kerk. Hy was tot sy dood getroue lidmaat van die kerk. Sy hele teologie was kerklike teologie. Soos Karl Barth het hy geglo dat God alleen deur die kerk en die Bybel met ons praat. Nee, omgekeerd: deur Bybel en kerk.

Bultmann was nie skaam om te erken dat hy beslissend deur Martin Heidegger se eksistensie-filosofie beïnvloed is nie. Die kern van wat hy van Heidegger oorgeneem het, is dat filosofie/teologie nie kan bestaan sonder die tastende vraag na wat dit is om te bestaan nie; die vraag na wat dit is om waaragtig te lewe. En die antwoord is geleë in die oorwinning van die grootste aanstoot, naamlik om die valse eiegeregtigheid met die genade van God te vervang. Soos Paulus en Lu-

ther het Bultmann benadruk dat die kanon in die kanon daaruit bestaan dat geloof die daad van God is en dat die mens eers vanuit die geloof waaragtig lewe. Baie se misverstaan van Bultmann begin by hulle misverstaan van Paulus. Hulle kan nie Bultmann se twee stellings met mekaar versoen dat die hoofsaak van die teologie God is èn dat die mens die objek van die teologie is nie. Vir Heidegger word die mens deur die dood begrens. Eers as die mens dit werklik insien, besef hy die nietigheid van sy bestaan en kan hy die kommer van die lewe hanteer. Vir Bultmann is dit 'n beslissing wat uit wanhoop spruit. Nie die dood as noodlot nie, maar God se beslissende daad in die dood van Christus skep vir die mens die moontlikheid om eg te bestaan. Eers as die mens in geloof God só ontmoet, besef hy die nietigheid van die bestaan van die mens sonder Christus en kan hy as gelowige in Christus die toekoms vreesloos ingaan. Die **wat** van die toekoms ken ons nie, maar ons weet **wie** vir ons in die toekoms wag. Daarom moet kerkmense hier en nou vreugde en liefde van mekaar ervaar.

## OPENBARING EN ERVARING

Die grondstelling in Barth se teologie is enersyds sy 'openbarings-' en andersyds sy 'verbondsbeskouing'. Barth voer ontradisioneel die verbondgedagte nie na die verbond met Abraham en die verbond met die volk Israel terug nie. Die syn van en met God vorm die uitgangspunt van sy siening oor die verbond, naamlik dat God is wat Hy is in die daad van sy openbaring en dit is dat God gemeenskap tussen Homself en ons soek en skep. So het God ons lief. Die skepping is dus die produk van die verbond. God openbaar Homself in sy daad van skepping en verbond. Soos daar geen ander God is as die Verbonds-God nie, so is daar ook geen ander mens as die verbondsmens nie. Om waaragtig as mens te bestaan, is om saam met God te wees. Die geloof is die eis van God se verbond; ongeloof is bondsbreuk, want dit is die uitoefening van die keuse van die eie ongeloof wat meen om sonder God te wees. Versoening met God is die versoening van die onwaardige bondgenoot van God. In die liefde van God gaan dit om die soek en skep van gemeenskap met die mens, sonder dat daar by die mens of in sy ervaring 'n aanknopingspunt bestaan. Jesus Christus, waaragtig God en waaragtig mens, is die 'teentrou' van die mens teenoor die 'trou' van God, en daarom is Jesus Christus die vervulling van die verbond. 'In Christus' is die gemeente ingesluit en 'in en met die gemeente' is ook die individuele gelowige ingesluit. God openbaar

Hom dus in Jesus Christus en in Hom alleen. God openbaar Hom met ander woorde nie in die godsdienstige ervaring van die mens en laat Hom ook nie deur dié ervaring duideliker ken nie.

Die konsekwente deurtrek van Barth se teologie kan egter nie volhou om die openbaring van God en die ervaring van die mens as twee uitsluitende sake te beskou nie. Dit verras daarom nie dat Barth op sy oudag met ongeremde bewondering van Friedrich Schleiermacher begin praat het nie – dié teoloog wat die ervaring van die mens so sterk beklemtoon het. Hy het na Schleiermacher verwys as die kerkvader van die negentiende en miskien ook van die twintigste eeu. Indien Barth langer as 1968 sou gelewe het, sou hy moontlik deur die teologie van Schleiermacher ook miskien die die konsistente Bultmann herontdek het.... Dit was immers Bultmann wat die gees van Schleiermacher in die twintigste eeu met balans oorgeplant het.